

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Newtonpark:

NG Kerk in Oos-Kaapland

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
 - Kerkraad
 - Wyke
 - Kleingroepe
 - Lidmate: byeenkoms
 - Lidmate: individueel
 - Ander: Erediens
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 - Ja
 - Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis


Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Daar was 'n gesprek tydens die erediens en die oorgrote meerderheid het nie daar probleme geopper nie. Van die wat wel skriftelik terugvoer gegee het is ongeveer 50% positief vir die voorstel.

33% het slegs aangedui dat hulle geen kommentaar daar te lewer het nie of het niks in die blokkie ingevul nie.

18% het gevoel daar is nie plek vir Belhar nie.

Die wat baie positief oor Belhar is voel oor die algemeen dat lidmate tyd gegee moet word en hierdie saak nie op ander afgedwing moet word nie.



Nuwe/ ander voorstelle?



C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Gevoel loop soos by punt 1. Tydens die gesprek in die kerk was daar nie baie negatiewe kommentaar nie. Dit het basies oor inligting gegaan. Die gevoel by die oorgrote meerderheid was dat hulle positief is oor die model soos voorgestel. Van die skriftelike terugvoer het ongeveer 50% gevoel die is die regte wyse, dit is verdraagsaam teenoor almal. Sommige het gevoel dit is hoog tyd dat ons begin beweeg. Inklusief wees is tog wat naasteliefde beteken. Daar was kommer dat die dwarstrekkerigheid van die Afrikaner hierdie proses kan laat skipbreuk lei.

33% het geen kommentaar gelewer nie. Daar was 'n vraag hoe dit die sinodale bydraes van gemeentes gaan raak.

18% wil alles soos tans behou. Vrae soos: Hoe lank voor sinode ons voorskryf wie leraar moet wees en watter taal ons moet praat ens. NGK gaan 'n sirkus verander as elke gemeente op sy eie gaan besluit hoe eredienste kan lyk. Gaan daar enige riglyne vir eredienste wees.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte


Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?


Ons eie gemeente is by gesamentlike projekte so daar was nie baie bespreking hieroor nie, maar oor die algemeen is die meeste mense positief hieroor. Van die terugvoer was: Ras en taal mag nooit die basis van hulp bepaal nie; dit sal help om stereotipes af te breek en mense uit hul gemaksones te kry; beter ko-ordinasie sal effektiwiteit verhoog; moet stap vir stap en doelgerig aangepak word; daar moet baie moeite hiermee gedoen word.

Daar is kommer dat ons taal dalk by gesamentlike projekte kan skade lei..

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for the user to provide their answer to the question above.

Nuwe/ ander voorstelle?

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for the user to provide their answer to the question above.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Groot eenstemmigheid dat versoening baie belangrik is, ook na binne. Dit is immers waarom dit in die kerk gaan. Goeie en duidelike kommunikasie is belangrik.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

**Herenigde NG Kerk (van Afrika);
VIC – Verenig in Christus;
Die Nuwe Gereformeerde Kerk in Christus;
Herenigde Kerk van SA;**

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055